

Gevaarlike stowwe weggesteek waar almal dit kan sien!

Oktober 2020

Devastation on the Beirut dockside



Beirut, Libanon hawe voor en na die ontploffing van 4 Augustus 2020

Op 4 Augustus 2020 was daar 'n massiewe ontploffing in Beirut in Libanon waar 161 mense dood is. Ongeveer 5000 mense is beseer en 300 000 mense is dakloos gelaat.* 'n Skatting van die skade is nog nie beskikbaar nie en die oorsaak is nog onbekend. Die materiaal betrokke, ammonium nitraat (AN), is 'n gewone kunsmis, maar word ook gebruik in ploffstof vir myne. Daar was ongeveer 2750 ton AN gestoor in die hawe vir 6 jaar. Hawe amptenare was bewus van die AN in die stoor, maar het onvoldoende voorsorg getref vir die veilige stoor daarvan. Sedert die ontploffing het verskeie hawens stappe geneem om die stoor van AN te beperk of te verbied. (Verwysing: Washington Post August 21, 2020)

Ons loop gereeld verby dinge elke dag en ons "sien" hulle nie omdat hulle reeds so lank daar is. Hierdie is meer as net huishouding. Behoorlike voorsorg tydens stoor van chemiese stowwe is belangrik, veral vir die wat kan ontbind.

Is daar dalk dromme of houers met chemiese stowwe in jou area wat dalk nie gereeld gebruik word nie? Het jy al mooi gekyk na hulle etikette vir risiko's? (*Statistiek tydens publikasie van die Beacon)

Het jy geweet?

- Sommige chemikalieë het 'n rakleefyd en kan degradeer of ontbind as dit te lank gestoor word of by verkeerde kondisies. Vogtigheid, lug, temperatuur of ander stowwe kan degradering veroorsaak.
- Die gevolge van degradering:
 - Verlies van aktiewe bestanddeel en effektiwiteit
 - Afbreek van bymiddels soos stabiliseerders en inhibeerders wat gevaarlike stowwe veilig hou.
 - Ontbinding wat potensieel katastrofies kan wees. (Verwysing: PS Beacon Januarie 2006) (<https://www.aiche.org/ccps/resources/process-safety-beacon/archives/2006/january/english>)
- Veiligheids data state (SDS) het gewoonlik inligting oor kondisies vir stoor en instruksies vir hantering en vernietiging.
- Chemiese stowwe wat nie nodig is in 'n area nie is potensieële bronne van verspillings.
- Meer materiaal in area as wat nodig is verhoog die risiko van verspilling.

Wat kan jy doen?

- Wees op die uitkyk vir drome of houers wat reeds lank in jou area is. Kyk na die vervaldatum en bevestig korrekte stoor kondisies.
- As jy 'n houer kry wat oor sy vervaldatum is, stel jou toesighouer onmiddellik in kennis. Moenie dit probeer oopmaak of skuif nie- Die materiaal mag onstabiel wees of die houer is dalk in swak toestand.
- Selfs al is die houer nie oor sy vervaldatum nie, vra hoekom is dit al so lank hier. Moontlik is dit daar gelos en toe vergeet. Stuur na korrekte stoorplek toe.
- As jy materiale gebruik, kyk na die datum van vervaardiging en gebruik die oudste materiaal eerste – behalwe as dit **OOOR DIE VERVALDATUM IS!**

Wees op die uitkyk vir materiale wat reeds lank in jou area staan.